’n Oog vir Ander ...

Oktober is Feestyd!

In Jesus se voetspore: Kamp 2024.

Bid vir Vyf!

# Die Fontein

GK Pretoria-Annlin Maandblad




15 Oktober 2024 1/24

Die Fontein
Maandblad

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN

# INHOUD

Oktober 2024


| | |
|---|---|
| Vanaf die redaksie | **01** |
| Ons vier fees | **02** |
| Geestelike groei | **04** |
| Gemeente gebeure | **10** |
| Evangelisasie | **17** |
| Ons leer ken | **19** |
| Kinderhoekie | **23** |
| Snuffelfontein | **28** |


## Gebed vir die maand

Ek aanbid U as die God wat alles sien, vir wie se oë niks weggesteek kan word nie. U kan nie lieg nie. U ontken nooit wie U is nie. U is vir ewig die geloofwaardige en die ware Getuie. U woorde is betroubaar. Jesus, U doen en sê net wat die Vader doen en sê. Leer ons ook so.

Ek aanbid U as Vader God, die Een wat nooit teleurstel nie, wat nie vir my 'n klip gee as ek vir brood vra nie. U weet presies wat ek nodig het. U voorsiening in wat ek nodig het, is vir my belangriker as my eie begeertes. Ek vertrou op U raad. Ek glo in U liefde. Ek maak staat op U insigte **(Matteus 6: 9).**

Amen



# Vanaf die Redaksie

**Ons is trots daarop om Die Fontein in 'n kraakvars formaat vir ons lidmate aan te bied.**

**Die eerste verandering** was die verkorte enkel-bladsy weergawe, wat reeds die afgelope aantal weke die lig gesien het – of moet ons liewer sê "ontspring het", want ons praat mos immers van 'n "fontein". Een kerkraadslid het grappenderwys gevra of die nuwe weekblad se naam nie liewer na "Druppeltjie" verander moet word nie!

Die punt was egter dat die vorige weergawes van Die Fontein kommentaar ontlok het dat daar te veel herhalende berigte was, wat niemand meer gelees het nie.


Die bedoeling van die weekblad is dus om slegs essensiële inligting, wat weekliks verander, aan u deur te gee, bv. gebeure in die komende week, lief en leed, waarvoor die kollektes gaan, ens.

**Die volgende verandering** is die uitgee van 'n meer uitgebreide maandblad, waarvan vandag s'n die eerste een is.

Let daarop dat die maandblad afsonderlik gaan verskyn op die 15e van elke maand en nie die weekblad vir die betrokke week waarin dit verskyn, gaan vervang nie. **Die doel van die maandblad is om 'n kommunikasie medium te wees wat inligting deel,** meer volledige nuus oor die kerk gemeente deur gee, toerusting met opbouende artikels te gee en 'n platvorm te wees vir lidmate se opinies.

**Die sukses van ons nuwe maandblad gaan bepaal word deur u as leser se insette.**

Eerstens wil ons graag die artikels meer lewendig vir u aanbied deur lidmate se ervarings in nuusgebeure in te werk, maar ons skep ook vir u as leser 'n platvorm in die vorm van 'n briewekolom, waar u u standpunte kan stel en ook kan kommentaar lewer oor artikels en u voorstelle kan gee.



U is welkom om u insette per epos in te stuur aan fontein@annlin.co.za of, indien u nie oor eposfasiliteite beskik nie, kan u ook vir sr. Clarissa in die **Kerkkantoor 'n Whatsapp stuur by 079 162 3453.**

# Ons Vier Fees!

*Gereformeerde Kerk Annlin vier 59 Jaar van genade*

Deur ons Hemelvader se genade kan Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin DV op **16 Oktober 2024** haar **59ste bestaansjaar** herdenk!

## Soli Deo Gloria!

**Agtergrond en groei:**

**In 1958** was daar reeds 2 wyke, die Staatsdorp-wyk (Wonderboom-lughawe) en die Annlin/Magalieskruin-wyk, met 'n totaal van 15 gesinne noord van die berg wat deel gevorm het van Eloffsdal/Wonderboom-Suid-gemeente.

**Vanaf 1962** is een erediens per maand in hierdie gebied gehou.

**In 1965** het die getal lidmate so gegroei dat daar reeds 8 wyke noord van die berg was.



**Op 16 Oktober 1965,** tydens 'n afstigtingsvergadering, onder voorsitterskap van ds. H.F.V. Krüger, is besluit dat die noordelike gebied van die gemeente tot die stigting van 'n selfstandige gemeente kon voortgaan.

Die medeleraar van Eloffsdal/Wonderboom-Suid, ds. J.H. Boneschans, is verkies as eerste predikant vir die nuutgestigte Pretoria-Annlin-gemeente en hy is op **20 November 1965** in sy amp bevestig.

Eredienste is vir ongeveer 9 jaar in Laerskool Wonderboom se skoolsaal gehou. Bouplanne vir die pastorie en kerkgebou (met 400 sitplekke) is op **22 Maart 1972** goedgekeur.



Die kerkgebou begin vorm aanneem.



Die kerkgebou na voltooiing in 1974.

Br. Koos Vierbergen se firma, MK Bouers, is aangestel om die bouwerk te doen en in **Maart 1974** is die pastorie in gebruik geneem.

Op **20 April 1974** is die gedenkplaat op die voorstoep van die kerk deur ds. P.C. Snyman onthul en is die kerkgebou in gebruik geneem.

Die gemeente groei sodanig dat afstigting onafwendbaar is en die Gereformeerde Kerk Magalieskruin is op **28 Mei 1977** gestig.

**In 1978** is die vleuels van die kerkgebou aangebou, aangesien daar te min sitplek vir die toenemende getal lidmate was!

## Statistiek

Daar is tans nog 5 lidmate in ons gemeente wat tydens afstigting na Pretoria-Annlin oorgekom het.

## Gemeentegroei

| | |
|---|---|
| **1965** | 84 besoekpunte |
| **2024** | 320 besoekpunte<br>101 dooplidmate<br>380 belydende lidmate <69<br>174 belydende lidmate 70+ |

## Predikante

| | |
|---|---|
| **1965 – 1969** | Ds. J.H. Boneschans |
| **1970 – 1974** | Ds. P.C. Snyman |
| **1975 – 2002** | Ds. A. Myburg |
| **2000 – 2023** | Ds. A. Venter |
| **1984 – 2008** | Ds. J.L. Venter |
| **2009 – 2011** | Dr. N. Vorster |
| **2012 – 2017** | Dr. H.M. Zwemstra |
| **2018 – 2023** | Ds. G.J.J. van der Merwe |
| **2023+** | Ds. P.W. Kurpershoek |

# Geestelike Groei

## Woordoordenking: Sien die Here raak!

**Lees:** Job 38: 1 - 24
**Sing:** Skrifberyming 12-3: 1 - 3

Wanneer jy en ek – soos Job – met die storms van die lewe worstel, neem die Here ons as Verbondshere in sy arms, praat Hy uit die stormwind met ons en spoor Hy ons aan om Hom, die Here, raak te sien!

- **Hy, die Here, is die Meesterbouer van 'n vaste wêreld waarin ons as mense leef!** Hý het alles geskep (38:4) volgens Sý argitekstekening (38:2), die aarde afgemeet, gebou en die kragte hul plek gegee sodat die aarde om die son kan bly wentel (38:5)!
- **Hy, die Here, is soos 'n Pa wat sy babatjie sagkens dissiplineer en daarom jou en my veilig en geborge laat leef!** Wanneer die seemonster met sy storms ons wil oorweldig, perk die Hére die monstersee in (38:8). Hý het immers aan hierdie monstersee geboorte geskenk (38:9) én Hý kan die seewater wat buite sy grense wil beweeg, dissiplineer (3:11).
- **Hy, die Here, is soos 'n Ma wat die bose inperk, terwyl sy ons die mooie laat geniet!** Die Here bestuur sy hele skepping (38:12) en skud soos 'n ma die tafeldoek uit sodat die krummels (die goddelose, bose) ingeperk word (38:13). En die Here rol die nuwe dag soos 'n koekroller oor die deeg van die aarde sodat jy en ek met elke straaltjie ekstra lig al meer bewus raak van die fynste detail in die Here se skeppingswerk (38:14-15).
- **Hy, die Here, kan tot in die dieptes van die doderyk, tot heel oos en heel wes, en tot heel bo in Sy skepping gaan** (38:16-24). Daarom weet Hý hoe ons wêreld werk, vul Hý ons hele wêreld met Sy liefde, met Christus (Efesiërs 3:18) en bestuur Hý ons hele wêreld totdat Jesus terugkom om die bose te vernietig en ons by Hom te neem!

**Vier prentjies sê en wys nie alles van die Here nie.** Daarvoor moet ons na Jesus kyk, wat die Here die duidelikste vir ons kom wys het (Johannes 1:18).

**Maar ... met vier prentjies bring die Here ons tot rus,** gee Hy ons vrede en spoor Hy ons aan om in Hom te glo en Hom te aanbid!

# Geestelike Groei

## ’n Oog vir ’n Ander?

Dikwels sien ek net myself raak: my eie lewe, my eie probleme, my eie prestasies, my eie mense, my eie seer ...

As ek in die winkel rondloop, in die gim oefen, met vakansie is, by die skool met my maats kuier, in ’n erediens sit ...

### *Wie sien ek raak?*

En dan raak ek so met myself besig, spandeer ek so baie tyd aan myself en aan my eie lewe ... **dat ek net nie tyd oor het om iemand anders raak te sien nie.**

**Of ... ek sien iemand anders raak:**

- die man wat my besigheid seergemaak het,
- die vrou wat my kind van my weggevat het,
- die pêl wat altyd beter as ek doen,
- die dogter wat my boelie

en nou fokus ek voluit op hom of haar, MAAR dít maak my net kwaad, bitter, jaloers en bang.

**Dalk sien ek nog iemand anders raak:**

- die man wat my kar opgepas het,
- die vrou wat by die straathoek saam met haar kind sit en bedel,
- my buurman wie se vrou verlede maand oorlede is,
- my kollega wat pas beleef het dat haar man haar alleen gelaat het,

MAAR ek het net nie die krag of energie om regtig na hom of haar te kyk en by hom of haar betrokke te raak nie.

In Johannes 5 is Jesus in Jerusalem tydens ’n fees. Hy kom by die Skaappoort, by die bad van Betesda. Daar lê baie mense by dié bad: blindes, kreupeles en lammes. **Maar dan SIEN Jesus één spesifieke man:** ’n man wat al 38 jaar lank siek was. Jesus gaan staan by hom. Jesus praat met hom. Jesus help hom. En dié man word gesond! Hy kan sy goed optel en loop. Én Hy kan van Jesus gaan getuig! **Alles net omdat Jesus hom raakgeSIEN het!**

**Daarom net weer die eerlike vraag:**



### *Wie sien jy en ek raak?*

# Geestelike Groei

## Bid vir Vyf!

**Elke dag leef jy en ek uit ons Here!** SY sorg, SY liefde, SY geduld, SY vergifnis, SY trou, SY Gees, SY nuwe lewe in ons, vorm die basis van ons lewe!

**Maar elke dag leef jy en ek ook tussen mense,** wat nog nié ons Here Jesus leer ken, vertrou en volg het nie. Hulle ken nie hierdie LEWE wat ons in Jesus gekry het en mag lewe nie. Hulle ken nie die RUS, die VREDE, die KRAG waarmee jy en ek elke dag toegerus word nie.

Nou gee ons Here jou en my genade-oomblikke waarin ons hierdie mense (wat nog nie uit Sy genade leef nie) kan begelei om ons Here te keer ken. MAAR ...
**Hoe doen mens dit? Waar begin mens?**
**Wat sê jy ...**
**en wat sê jy nié?**

Op Sondag 13 Oktober 2024 het ons 'n eerste tree saam met mekaar begin stap om **saam toegerus te word en prakties saam te begin stap** op hierdie pad-om-mense-te-begelei-om-Jesus-te-leer-ken-en-vertrou.

Met ons erediens het ons stilgestaan by die dissipels wat deur die Joodse Raad gedreig is om stil te bly oor **Jesus en wat toe kragtig gebid het** (Handelinge 4:29b):

Gee dat U dienaars met volle vrymoedigheid U woord sal verkondig.
Die Here het hulle verhoor... en...
die plek waar hulle bymekaar was, het geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die Woord van God verkondig.

Na die erediens het ons 'n uur lank saam gesels oor die kernsaak:

**Ek begin met die Here oor mense gesels, voor ek met mense oor die Here begin gesels.**

Mag ons elkeen deur die Gees gelei word om vir **VYF PERSONE te begin BID** en mag ons Here dit gebruik om SY Koninkryk te laat kom!



**Hieroor het Renske Hofmeyr gesê:**
Wat vir my uitgestaan het van gister se toerusting is jou verantwoordelikheid om te bid dat die Here die persoon se hart toeganklik sal maak, en dat jy die geleentheid wat die Here gee om met die persoon oor Jesus te gesels, sal raaksien en gebruik!

# Geestelike Groei

## Wanneer eksamenstres te veel word

**Almal moes al in hulle lewe 'n toets aflê.** Dit begin al in laerskool en vir sommige mense gaan dit aan tot ver in hulle volwasse lewe. Almal weet hoe dit voel voor jy die lokaal betree vir eksamen, voor jy in die motor klim om jou bestuurslisensie te kry of op pad na 'n saal om toelatingseksamens af te lê vir tersiêre opleiding. **Dit is op die beste van tye nie 'n lekker gevoel nie.** Dit is natuurlik 'n voorreg om eksamen te kan aflê of om die geleentheid te hê om aansoek te kan doen vir verdere studies, maar net voor jy jou pen optel, dink 'n mens meestal nie daaraan nie. En dit is menslik.

**Stres is deel van die lewe – hoe jy dit hanteer, is wat die verskil maak.** Maak dit van jou 'n ongelowige as jy 'n knop in jou keel het of as jou hande bewe? Nee, glad nie, maar jy kan dit vir jouself makliker te maak deur (i) die regte ding te doen, (ii) op die Here te vertrou, (iii) in Hom te rus en (iv) perspektief te behou.

**Doen die regte ding** – Almal sal saamstem dat as jy nie getrou jou werk doen nie, jy nie seën daarop kan verwag nie. Aan die ander kant is dit ook nie die geval van "do your best and God will do the rest" nie. Alles in die lewe is een – jy kan nie jou geloof losmaak van enigiets wat jy in die lewe doen nie.

**Jou geloof in God is deel van jou gaan slaap en opstaan ... jou alledaagse lewe.**

Dit moet dus ook 'n rol speel in jou studies en eksamens. Die Bybel is baie duidelik daaroor dat jy in alles wat jy doen, 'n kind van God is en jy daarom jou werk tot Sy eer moet doen.

"En wat julle ook al doen, doen dit van harte, soos vir die Here en nie vir mense nie ..." Kolossense 3:23

**Vertrou op die Here** – As jy dan voorberei vir jou eksamen, **moenie op jou eie kragte of kalmte staatmaak nie.** Ons weet tog dat ons tot alles in staat is deur God wat ons krag gee. Ons is nie, soos die wêreld ons wil wysmaak, tot alles in staat as ons hard genoeg werk of dit graag genoeg wil hê nie.

**Alles is gawes van God af:** die geleentheid om te leer en te kan eksamen skryf, die verstandelike vermoëns om te kan studeer, die vermoë om te kan fokus en te konsentreer – en selfs vrede en kalmte terwyl ons dit doen. Daarom, as ons vir eksamens voorberei of enige spanningsvolle situasie tegemoetgaan, laat ons eers tyd saam met ons Here spandeer.

"Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle." - 1 Petrus 5:7

**Rus in die Here** -As ons ons vertroue in God stel, moet ons ook in Hom rus. Ons kan so erg op ons eie kragte staatmaak of onsself wysmaak dat ons net nog harder moet werk as ons seën op ons studies wil verwag. **Beplan jou studies, doen jou werk, maar rus in die Here.**

## Wanneer eksamenstres te veel word (Vervolg)...

Vertroue bring rus. As jy tot die Here gebid het vir kalmte en sukses in jou studies, gaan werk dan en rus. Moenie saans leer tot jy gaan slaap nie – maak tyd om die Bybel te lees en te bid, om rustig te raak voor jy gaan slaap. Buiten die feit dat dit goed vir jou is om so te gaan slaap, kan God enige iets vir jou in jou slaap gee.

**Rus in die Here op Sondae, tydens Bybelstudie en katkisasie – moenie sonder ophou studeer nie.** Gee aan God die eer wat Hom toekom. Hy bepaal die gang van jou lewe.

Kyk na geloofshelde soos Dawid en Daniël. Dawid het vir sy lewe gevrees en Daniël was besorgd oor sy volk in ballingskap. Nie een het opgehou om God te aanbid nie. Die twee manne het baie groter angste en bekommernisse as bloot 'n eksamen gehad, maar ons kan baie leer uit hoe hulle met hulle vrese en spanning na God gegaan het.

**"Ek sal gerus gaan slaap in vrede en ongestoord lê ek my neer, want U alleen verhoor by bede, U waak oor my in teënhede." (Psalm 4 – berymd)**

**Behou perspektief** – As 'n mens Dawid en Daniël se psalms en lewensverhale lees, kan jy nie anders as om te besef dat jy perspektief moet behou nie.

**Eksamens is 'n belangrike onderdeel van ons lewe, maar nogtans net 'n onderdeel.** Eksamens is belangrik, want ons as Christene moet ons plek volstaan in die samelewing – ook sodat ons ander mense tot seën kan wees. Eksamens bepaal nie of jy 'n suksesvolle lewe het nie. Net soos jou aardse besittings, kan jy ook nie jou geleerdheid met jou saamneem as jy sterf nie. 'n Suksesvolle lewe is 'n lewe saam met God – om kennis van Jesus, te versamel en uit dankbaarheid en vreugde te lewe – al is jou lewe hoe eenvoudig.

**"Wat het ek in die Hemel Heer? Wat kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart onrustig hom in die aarde kan verlustig?" (Psalm 73 berymd)**

**So, as die eksamenstres te veel word, word stil, bid, gaan werk en gaan rus – in die Here!** Ervaar hoe waar Dawid se woorde in Psalm 94:19 is waar hy bid en vir die Here sê dat wanneer sy gedagtes te veel en te deurmekaar word, versterk die Here se trooswoorde sy siel. Niks in ons lewe is te onbelangrik om oor te bid nie.

**Jy is in 'n verhouding met God, praat met hom as dit minder goed gaan en die eksamenstres te veel word.** Luister na Sy liefdevolle raad en vertrou Hom, want op Hom kan jy staatmaak.

(Geskryf deur Marna Potgieter vanuit Die Olielamp (Verkort en aangepas).

# Geestelike Groei

## Gebedsbediening

’n Gemeente wat bid, is ’n gemeente wat afhanklik van God is en bly. **Gebed is een van die belangrikste Christelike aktiwiteite wat daar is.** Hierdeur beoefen mens ’n intieme wandel saam met die Here en dit lê die grondslag vir sukses in geestelike aktiwiteite.

Dr. Andrew Murray het gesê: “Ek is daar seker van dat ons nooit ten volle sal weet wat die gebed bedoel is om te wees nie, solank as wat ons dit hoofsaaklik beskou as ’n middel om ons eie Christelike lewe te onderhou.”

Maar as ons leer om dit te beskou as die vernaamste deel van die werk wat aan ons toevertrou is, die grond en sterkte vir al ons werk, **dan sal ons sien dat daar niks is wat ons so moet bestudeer en beoefen as om reg te bid nie.”**

Die versoek van die dissipels was: “Here, leer ons bid” (Luk. 11:1). Ware gebed en voorbidding kan ons alleen by die Groot Voorbidder, Jesus Christus, leer. Dit is ’n leerskool waarin ons ook moet toeneem in genade en kennis.

**Hoewel die gebed in sy beginstadium so eenvoudig is dat die kleinste kind kan bid,** is dit terselfdertyd ook deel van die hoogste vorm van arbeid waartoe die mens geroep word.



**Sake in die gemeente waarvoor ons hierdie maand saam kan bid, is:**

- Dat elkeen van ons daarna sal strewe om deur Jesus gevorm te word.
- Vir alle gebrokenes in ons kerk en omgewing. Ook dat die Here ons sal gebruik om by hulle uit te kom.
- Dat die finansiële stand in die gemeente sal verbeter.
- Dat kerkbywoning sal toeneem.

Daar is ’n gebedsbedieningsgroep wat gebedsversoeke hanteer.

Indien u anoniem wil bly, is dit geen probleem nie. U saak sal op dieselfde wyse aan die Here opgedra word.

Volg hierdie skakel op Annlin se webblad na gebedsbediening.

# Gemeente Gebeure

## Jesus se voetspore: Gemeentekamp 2024



Saterdagoggend is almal deur oudl. Andries Leuschner met 'n sleutelhouer met die voetsporetema vir die naweek verwelkom. Sr. Marietjie Kurpershoek het naam-plakkers uitgedeel met die kampers se name daarop. Ons moes mekaar soek, en met die hulp van 'n toepaslike vraag, het ons mekaar beter leer ken. Dit was vir ons duidelik dat ons predikantspaar hulle kudde mooi ken. Met 'n koppie boeretroos en beskuit in die hand het almal lekker saam gesels terwyl die dagbesoekers arriveer. Die kinders het ook baie lekker fietsgery en geswem!


















Oudl. Andries het geopen met gebed en Psalm 133 en die seën en vrede van die Here aan almal toegewens. Om verder op die tema te fokus, het Ds. Pieter uit Psalm 77 gelees, 'n klaaglied anders as gewoon – die digter lê klem op die Here en nie op die moeilike situasie nie. In die Psalm, sien ons die fokus op hoop en die Kruis. Daar is 5 kernstellings oor wie die Here is en wat die Here doen:



Later die middag, het Br. Danie Smit 'n interessante praatjie gelewer oor die Here se vingerafdrukke in die Skepping.
Die natuur openbaar aan ons:
**God se Grootheid en Almag,**
**God is 'n God van orde,**
**Tyd is vir God irrelevant,**
**Die God van orde was van ewigheid af reeds daar**
**en dat Sy Naam steeds bly voortleef in Sy Skepping.**










Potjiekos is aan die gang gesit terwyl die res aan boeresport deelgeneem het. Dít het vir baie "sports" gesorg! Die dag is afgesluit met 'n roomys voor aandete en oordenkings deur ds. Attie waarna die dagbesoekers die kamp verlaat het. Van die kampers het vroeg in die bed gekruip en die res het om die vuur bymekaar gekom om kampvuur liedjies te sing!



























# Gemeente Gebeure

## Potjiekoskompetisie

Die potjiekoskompetisie DV op 26 Oktober 2024 is vir fondsinsameling ten bate van die volhoubare uitdra en uitbreiding van die Evangelie in die onmiddellike en omliggende omgewing asook in buitelandse gebiede.

Soos u bewus is, word die kompetisie onder leiding van die Evangelisasiekommissie gereël met die doel om fondse in te samel, maar ook 'n geleentheid daar te stel vir lidmate, vriende en familie om gesellig saam te verkeer.

**Reëls van die kompetisie:**
Die reëls van die kompetisie kan op die kennisgewingbord in die voorportaal van die kerkgebou besigtig word. 'n Paar belangrike punte word hieronder uitgelig:

- Kompetisie begin amptelik om 09:00 en eindig om 13:00.
- Ete sal direk na die beoordeling, wat tussen 13:00 en 13:30 plaasvind, begin.
- Potmeesters moet sorg dat daar ten minste agt lede in die groep is.
- Indien u nie genoeg lede in die span het nie, dui so aan op die inskrywingsvorm wat ook in die voorportaal van die kerkgebou aangebring is.
- Lidmate wat nie 'n potjie wil maak nie, maar wil saam eet, word versoek om hul name op die vorm in die voorportaal aan te bring.
- Elke span sorg self vir bestanddele.
- Koste per volwassene wat saam eet, is R120, kinders onder twaalf jaar, R50 en jonger as drie jaar, gratis. Betalings kan gedoen word in die Evangelisasiekommissie se rekening.
- Onthou om eie eetgerei, tafels, gazebo, gasbottels/hout/dromme ens. te bring.
- Potjies word deur twee gekwalifiseerde sjefs beoordeel. Beoordelingskriteria is op die kennisgewingbord aangebring.
- Stalletjies word volgens die tema wat u kies, beoordeel.
- Pryse vir die drie beste potte en 'n wisseltrofee vir die algehele wenner word toegeken.


**Ons benodig nog:**

* Borge vir bestanddele vir potmakers wat dit nie uit eie sak kan bybring nie.

* U deelname, asseblief! Nooi u vriende en familie om ook deel te neem.

# KOM ONS POTJIE!





**Ten bate van GK Annlin Evangelisasie**

## Potjiekos Kompetisie
## 26 Oktober 2024
## GK Pretoria-Annlin

R120 per volwassene.

R50 per kind onder 12 jaar Kinders onder 3 jaar gratis

8 persone per pot/span.

Inskrywings beperk tot 25 potte.



Groot pryse!

Jy is ook welkom as jy nog nooit 'n pot gemaak het nie.

Nooi al jou vriende en familie!

Mense sonder potte is ook welkom om die dag saam te geniet!

# Gemeente Gebeure

## Jaarprogram 2025

**Elke jaar stel ons as gemeente 'n jaarprogram saam.** Ons skeduleer op hierdie program ons eredienste, katkisasiegeleenthede, Sondae se kinderbediening, ons Nagmaalsondae, vergaderings van die Kerkraad, Diakonie, kommissies, Bybelstudiegeleenthede, ons senior lidmate se etes, ons tweedehandse verkopings ... en noem maar op.

**Maar 'n jaarprogram is ook meer as net 'n skedule van alles wat moet gebeur.** Dit sê waarmee ons as gemeente besig is, waarop ons fokus en waarheen ons dink die Here met ons op pad is. Dis tog die Here wat bepaal hoe ons as mense loop, juis wanneer ons ons pad beplan (Spreuke 16:9).

**Daarom die vrae:**
**Wat dink JY behoort op ons Jaarprogram te kom?**
**Waarop dink JY wil die Here hê moet ons as gemeente fokus?**
**Waarheen dink JY is die Here met ons as gemeente op pad?**

**As jy biddend oor hierdie vrae besin het en iets raaksien of wil hê dat ons saam oor iets in ons beplanning nadink, stuur asseblief jou gedagtes of voorstelle of waarneming deur na oudl. Johan Pretorius by johanpretsafety@gmail.com.**

# Gemeente Gebeure

## Kerkfinansies

Op 2 Oktober 2024 sê oudl. Bertus: "Daar is 'n geweldige klomp klein instandhoudingswerk op die terrein en geboue gedoen, hopeloos te veel om hier te noem!" Derhalwe net 'n **kort opsomming van die Geboue- en Terreindienskommissie se gebruik van die kerk se finansies:**

**Onlangs is die tuinduifinfestasie by ons kerk se hoofingang aangespreek.** Die hoofredes was om sr. Gerda te help om die hoofingang se stoep skoon en netjies te hou en te verhoed dat lidmate wat eredienste bywoon nie per abuis "gebombardeer" word nie!

Op Donderdag, 26 September 2024 verklaar ds. Pieter as volg: "Die poging om die duiwe te verjaag blyk so suksesvol te wees dat hulle nou in alle erns probeer om binne-in die kerkgebou te kom nesskop!"

Oudl. Bertus het te kenne gegee dat hierdie slegs **een van talle projekte is om ons kerk en sy terrein op 'n deurlopende grondslag in stand te hou,** te onderhou, herstelwerk te doen en verbeterings waar nodig, aan te bring.

**Suksesvolle projekte wat dié jaar voltooi is, sluit in:**

- Die vergroting van die parkeerterrein (12 ekstra motors).
- "Ou" parkeerterreinligte is met kostedoeltreffende ligte (elektrisiteit besparing en beter beligting) vervang.
- Die hoofhek se spoormeganisme is weens erge slytasie vervang.
- Die boorgat se pype wat op verskeie plekke gelek het, is herstel en die druk het verbeter.
- Die oorhoofse projektors in die kerk is vervang. Met hierdie projek was tientalle lidmate betrokke, o.a. oudl. Andries Leuschner (navorsing & verkryging), br. Dirk Theron en sy hele span (insluitend sy moeder wat vreesloos op die dak kabels aangegee het!), br. Wim Joubert (voorsiening & oprigting van die steierwerk) en sr. Gerda wat tydens hierdie hele projek teenwoordig was en hulp verleen het waar sy kon.

# Gemeente Gebeure

## Kerkfinansies (vervolg)

Oudl. Bertus noem dat die volgende groot projek die herstel en verf van die kerk en kerksaal se dakke sal wees. Die kommissie is tans besig om kwotasies in te win en die teikendatum is DV Desember.

Ons lidmate word dus vriendelik versoek om, waar moontlik, hul maandelikse dankoffer so getrou as moontlik by te dra sodat die werksaamhede van al die kommissies onverpoos tot eer van die Here kan plaasvind.

Elke maand sal ons 'n artikel plaas oor die stand van die gemeente se finansies en hoe die beskikbare fondse aangewend word.

Ons sal graag van ons lesers wil verneem wat u opinie is oor hierdie artikel, of dit volledig genoeg is en of u enige idees het om dit te verbeter. U kan u mening of idee hier deurgee:

**E-pos** na br. Gerhard Van Staden:
**carmenvs048@gmail.com**

Indien u anoniem wil bly kan u ook u mening in 'n koevertjie plaas en die koevertjie in die kollektesakkie gooi. Die koevertjie moet die **verwysing "Maandblad: Kerkfinansies"** op hê.

## Stand van Inkomste en Uitgawes: (tot en met 30 September 2024):

| | September Maand | | Jaar tot Datum | |
|---|---|---|---|---|
| | Werklik (rand) | Begroot (rand) | Werklik (rand) | Begroot (rand) |
| Inkomste | *** | *** | *** | *** |
| Uitgawes | *** | *** | *** | *** |
| Surplus/(Tekort) | *** | *** | *** | *** |

Indien daar lidmate is wat graag volledige syfers oor die gemeente se finansies wil sien, is hulle welkom om met die Voorsitter van die Finansiële Komitee,
**br. Henk Klopper per epos by henkklopper@gmail.com te skakel.**

# Evangelisasie

## Teiken van 500 Bybels bereik!

Ons gemeente se mikpunt om in vanjaar se finansiële jaar 500 Bybels te kan versprei, is so te sê bereik binne slegs 7 maande. Op 1 Oktober het die hoeveelheid Bybels op 496 te staan gekom.

Bybels is geskenk aan die Gereformeerde Kerk Mmakau en verskeie klein Mosambiekse gemeentes. Hier plaaslik is Bybels vanuit die kerkkantoor en by die tweedehandse verkopings verkoop teen 'n nominale bedrag van R20 per Bybel. Die Bybels word beskikbaar gestel in al ons amptelike landstale asook in Portugees (Mosambiek), Shona (Zimbabwe) en Mosambiekse plaaslike Afrikatale. Daar word ook voorsiening gemaak vir 'n aantal klankbybels vir dié talle mense in Mosambiek wat ongeletterd is.

Dit is werklik 'n belewenis om die blydskap waarmee die Bybels ontvang word, waar te neem. Een vrou in Mosambiek het so 'n onversadigbare honger na God's Woord gehad dat sy eenkant gaan sit het en tot diep in die nag na haar nuwe klankbybel geluister het totdat die instrumentjie se battery pap was. Dit word gelaai met 'n sonpaneeltjie agterop die instrument en die volgende dag, nadat die battery weer volgelaai is, het sy voortgegaan met luister. Sy kon eenvoudig nie ophou nie.

By die onlangse verkoping was daar 'n vrou wat vir haar predikant 'n nuwe Bybel wou koop. Sy vertel dat haar dominee se Bybel so gehawend was en dat hy nie 'n nuwe een kan bekostig nie. Toe hy een Sondag 'n stukkie uit Matteus wou voorlees, was die betrokke bladsy nie meer daar nie. Sy wou haar oor haar dominee ontferm en het na die tweedehandse verkoping toe gekom om vir hom 'n nuwe Bybel te koop.

Hoe het die Here hierdie Bybelverspreidingsprojek nie geseën nie! Die toenemende gewildheid om Bybels by ons tweedehandse verkoping te kan koop, maak ons enersyds baie opgewonde, maar andersyds bly ons tog wonder waar die fondse vandaan gaan kom om weer Bybels te kan aankoop. Tog het God ons nog telkens verstom en het die nodige fondse ingekom deur geseënde tweedehandse verkopings en tydige skenkings. Ons bly op Hom vertrou dat Hy ons in staat sal stel om met hierdie wonderlike projek te kan volhou.

# Evangelisasie

## “Maak dissipels van al die nasies ...”

Sedert 2011 het ons gemeente jaarliks ’n uitreikgroep na Mosambiek gestuur om die gereformeerde gemeentes in die noordooste van die land te ondersteun en hulle op te lei om die evangelie verder uit te dra.

In 2022 het die GK Pretoria-Annlin en die Sinode in noordoos Mosambiek ’n memorandum van verstandhouding onderteken waarvolgens hulle sou saamwerk om die evangelie uit te dra na mense wat nog nie deur die evangelie bereik is nie. Die ooreenkoms kom daarop neer dat ons gemeente met opleiding sal help en finansiële ondersteuning sal verleen indien hulle twee persone per jaar vir ten minste een maand sal uitstuur na ’n onbereikte gebied.

Die opleiding van 12 manne het net daarna, ook met die hulp van ds. Johannes Aucamp van TOPIA (Training of Pastors in Africa), plaasgevind. Twee manne met die nodige gawes is toe uit die 12 wat opgelei is, gekies en daar is besluit om in Bairro Pedreira in die Malema-distrik te begin.Tomás Machesso en Rodrigues Sabão is tans vir die derde keer in die gebied werksaam.

Hulle het op 28 September vertrek en sal eers weer in die eerste week van November terugkeer. Ons gemeente het R8 000 vir die Sinode gestuur wat die twee ouderlinge vir hul reiskoste en ook hul verblyf en etes sal gebruik totdat hulle ’n huis van vrede (Lukas 10) gevind het waarvandaan hulle werksaam kan wees. Hulle kan bydra tot die kos wat hul gasheer/-vrou aan hulle gaan voorsien omdat hulle so lank by een huis gaan vertoef.

Die eerste sending in Januarie 2023 het sy groeipyne gehad en alhoewel 6 gesinne tot geloof gekom het, was daar meningsverskille tussen die twee sendelinge en die Sinodesekretaris oor die pad vorentoe. In Januarie 2024 is Tomás en Rodrigues uitgestuur en ’n aantal mense het tot bekering gekom. Nou is dieselfde twee manne weer uitgestuur om op te volg en te kyk of die jong gelowiges moontlik kan inskakel as ’n wyksgemeente van die Gereformeerde Kerk Murara wat so 40 km vanaf die sendinggebied geleë is.

Voorbidding word vir hierdie twee manne gevra.



Tomás en Rodigues op die dag van hul vertrek by die motorfiets waarmee hulle reis.

# Ons Leer Ken!




## Baie welkom!

Die afgelope maande het verskeie persone en gesinne deel van ons gemeente geword, maar ons het hulle nog nie amptelik welkom geheet of voorgestel nie. Daarom hierdie kort bekendstelling en ons vertrou dat julle al lekker by ons ingeskakel het en nog elke dag verder saam met ons in Christus sal groei!

## Nico Brayshaw



**Nico Brayshaw** het by ons gemeente betrokke geraak deur sy band met **Corien Rossouw** aan wie hy in Julie hierdie jaar verloof geraak het.

Hulle trou dan ook DV in April 2025.

Nico het in Heilbron opgegroei en was lidmaat van die Hervormde Kerk waar sy oupa ook 'n predikant was.

Hy het by Soltech studeer en is tans werksaam by BMW waar hy vir die instandhouding van masjinerie verantwoordelik is.

## Tienie & Ronel van der Walt

**Tienie en Ronel** was al voorheen in ons gemeente, maar het in Julie vanaf Kathu weer deel van ons gemeente geword toe hulle in 'n woonstel op die erf van hul oudste dogter en haar gesin kom woon het.

Tienie was in die mynomgewing werksaam, terwyl Ronel weer haar eie skoonheidsalon hier in Pretoria begin het.

Hulle het saam met hul oudste dogter, by wie hulle bly, vier kinders en tien kleinkinders. Een dogter bly in Skotland, hul seun in Middelburg en die ander seun in Groblersdal.



# Ons Leer Ken!

## Lourens en Ans Dormehl



**Oom Lourens en tannie Ans Dormehl** het in Julie hierdie jaar saam met hul dogter en haar man (Bertus en Esmé Slabbert) in ons gemeente begin inskakel.

Hulle het baie jare in die omgewing van Bronkhorstspruit gebly en geboer, nadat oom Lourens vroeër as rekenmeester en later op bestuursvlak by die staatshospitaal gewerk het.

Hulle bly in Zambesi Aftreeoord en het vyf kinders, waarvan Eugene Dormehl ook in ons gemeente is. Terwyl oom Lourens al die jare baie doenig was op die gebied van evangelisasie, geniet tannie Ans dit om te brei en om naaldwerk te doen.

**Bertus en Esmé Slabbert** het in Junie-maand vanaf GK Magalieskruin by ons kom inskakel, nadat hulle kleiner gegaan en in ons omgewing kom bly het.

Hulle het baie bande met mense in ons gemeente, met Esmé se broer, Eugene Dormehl,  asook nou haar ouers (Lourens en Ans Dormehl) en hul dogter, Toinzelle, haar man Thomas Page en hul gesin.

Bertus se ouers leef ook nog en bly in Jasmyn (en is lidmate by GK Pta Noord). Bertus en Esmé het naas Toinzelle ook ‘n dogter, Danäe, wat in Centurion bly waar sy en haar man lidmate by GK Centurion is.

Terwyl Bertus lank by stadsraad as elektrisiën gewerk het, het hy nou afgetree en help hy Esmé met haar werk as Eiendomswaardeerder.

## Bertus en Esmé  Slabbert



# Ons Leer Ken!

### Elsa Bezuidenhout



**Elsa Bezuidenhout** was ook voorheen deel van ons gemeente en het die afgelope tyd weer saam met haar sussie, Marthie Coetzee, by ons gemeente begin inskakel.

Elsa en Marthie het in die Rustenburg/Brits-omgewing opgegroei. Sy het later in Thabazimbi gebly, voordat sy Pretoria toe gekom het.

Haar man, Theo, is drie jaar gelede oorlede en sy het twee seuns, Stefan en Louis, met Louis wat onlangs sy geloof in ons gemeente bely het!

Elsa werk nog al die jare as verpleegster, die laaste tyd by The Retreat in Silwer Lakes-omgewing.

**Tannie Petro Venter** was voorheen saam met haar man, Jan-Floris, lidmaat in ons gemeente en sy het in Augustus hierdie jaar weer by ons begin inskakel nadat sy 'n tyd in Naboomspruit was. Sy bly tans in Twee Riviere Aftreeoord.

Sy het twee seuns, waarvan die oudste in 2017 oorlede is en die jongste in Kameeldrift-omgewing woon. Sy het vroeër jare by die Departement van Binnelandse Sake gewerk, waar sy tussen 1994 en 2009 verskeie ministers administratief ondersteun het en dus tussen Pretoria en Kaapstad moes pendel.

Die eerste Sondag toe sy weer hier by ons eredienste begin inskakel het, het sy net gevoel: Sy het tuisgekom!

### Petro Venter



# Ons Leer Ken!

## Thomas en Toinzelle Page, met Marlé en Liana



**Thomas & Toinzelle Page** was ook voorheen deel van ons gemeente en het ook baie familie in ons gemeente.

Thomas se pa, Basie, broer, Stephan, en tannie, Aida, is by ons in die gemeente, terwyl Toinzelle se ouers, Bertus en Esmé Slabbert, en grootouers, Lourens en Ans Dormehl, ook deel van ons gemeente is.

Thomas & Toinzelle bly tans in Oxfordshire, Engeland, waar Thomas Onderhoudsbestuurder vir 'n ingenieurswerke-maatskappy is, terwyl Toinzelle administratiewe werk doen.

Hulle het **twee dogtertjies, Liana en Marlé,** wat beide in ons gemeente gedoop is - Marlé in Mei 2021 en Liana in September 2024.

## Bertus en Nadia du Plessis



**Bertus** het in Nylstroom en **Nadia** in Louis Trichardt opgegroei, maar hulle het mekaar in 2015 hier in Pretoria leer ken en is vanjaar op 14 September getroud.

Hulle het in Mei by ons gemeente begin inskakel en het al lekker tydens die laaste Nagmaalsete kom saamkuier en -eet.

Bertus is 'n elektrisiën, terwyl Nadia aanvanklik in die fotografie- en filmwêreld opgelei is, maar nou as administrateur by 'n eiendomsagentskap werk.

Terwyl Bertus daarvan hou om altyd met sy hande besig te wees, geniet Nadia dit weer om 'n boek te vat en te lees.

# Kinderhoekie

## Jonge oë: Gemeentekamp 2024

Van boeresport tot kampvuur jolighede, van lag en selfs huil ván die lag - die kerkkamp was volgepak en ons het ons gate uit geniet!

Nadat almal nesgeskrop het, het ds. Pieter met ons gesels oor die Voetspore van God in ons lewe en ons gevra om ons eie "tweet" te skryf: #Godisgenadig.

'n Insiggewende praatjie oor God se skepping het daarna gevolg. Meteoriete, asteroïedes, die aarde en sy maan, dinosourusse, varings, alge en palmbome is net van die goed waaroor die wetenskaplike in ons geledere ons meer vertel het.

Die boeresportkampioene was die Pinkpanthers. Eierresies, eiergooi, toutrek en driebeenresies is maar net 'n paar van die onvergeetlike aktiwiteite wat tydens die boeresport plaasgevind het.

'n Waatlemoensmeeroorlog het vinnig onder die jongklomp uitgebreek. Al wat die taai gemors kon afwas, was ... swem, natuurlik! Dan is dit klappertand vuur toe hardloop om net weer te ontdooi. Sodra dit voel asof al jou ledemate weer reg werk, wat maak jy? Swem weer. Eenvoudig gestel: eet, swem, bibber, herhaal.


Daar was niemand wat die kat aan die stert beetgehad het nie. Iemand het wel 'n slang aan die stert beetgehad ... Gelukkig het nie die oom óf die slang iets oorgekom nie.

Die Saterdagaand het ons stories uit die verre verlede om die kampvuur gedeel en heerlik saam gesing.

Na baie min slaap is ons Sondagoggend vroeg deur 'n aaklige hoender, wat amper deel van die ontbyt geword het, en die bosvoëls se liedjies wakkergemaak. Die kerkdiens was om halfnege. Na nog waatlemoen en swem, is brunch bedien. Koningskos, sê ek julle! Almal het vinnig help opruim en nog 'n laaste keer gekuier. Daarna het almal in die pad geval.


Dié belewenis was beslis elke lagtraan, giggel en tekort aan slaap werd!

Nota aan hoender: moenie by die koor aansluit nie!



# Jongmensjolyt


## Inkleur prent



Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak!

## Lag 'n Slag ...


Die Juffrou staan voor in die klas: "Sal almal wat dink hulle is dom asseblief opstaan?"
Die klas word stil.
Na 'n paar oomblike staan Jannie op.
"Dink jy, jy is dom, Jannie?" vra die juffrou.
"Nee, Juffrou, ek dink net dit is darem nie reg dat Juffrou alleen staan nie."



# Kleuterpret

**Labirint werkkaart**

Help vir Sarel om vir Sakkie en Snorre hul Bybel te bring voor die erediens begin!



Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak!

# Snuffelfontein




## OKTOBER VIR KANKERBEWUSTHEID

**JY** kan 'n verskil maak!



Kankerpakkies word aangekoop vir iemand met kanker of iemand wat chemo behandeling ondergaan.

***

As jy graag wil help om 'n pakkie te borg @ R350, skakel gerus vir Loraine Deysel by 084 503 3369 vir meer!

IN DIE AANLOOP NA DIE KERSTYD DINK ONS AAN DIE ONGEVEER **500 BEHOEFTIGE KINDERS WAT AFHANKLIK IS VAN KRUIDENIERSPAKKIES** VIR DIE VAKANSIE OM GENOEG VOEDSEL TE VERSEKER AANGESIEN HULLE NIE BY DIE SKOLE ETES KAN GENIET GEDURENDE DIE VAKANSIE NIE

## Projek Volmagie

Ons benodig skenkings van nie-bederfbare voedsel (lys is beskikbaar) asook kontantdonasies daarvoor.

Sperdatum: 10 November 2024

TRANSORANJE INSTITUUT

ABSA TJEKREKENING 020 840 145 TAKKODE 632005

Verwysing: Naam & Volmagie of CFP

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
Duxburyweg 174, Hillcrest, Pretoria
Tel: 076 143 6961 E-pos: info@toibo.org.za

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN

Gebruik die skakel hieronder om ons gemeente se webtuiste te besoek.

www.annlin.co.za

# Snuffelfontein

## Afri-Duetfees 2024: *Ons sal onthou*




082 377 1112

NG Kerk Elarduspark, Frelonstraat 547
Vrydag 18 Oktober-19:00; Saterdag 19 Oktober-15:00

HARTLIK WELKOM BY DIE 11DE JAARLIKSE AFRI-DUETFEES!

**Aangebied deur die Pro Patria Museum by die Voortrekkermonument**

**in samewerking met die Gereformeerde Kerk Magalieskruin.**

**Voor-pouse program:**

Die verhaal van ons Grensoorlog soldate en hul geliefdes deur duetmusiek van ons vier duetpare en die hele groep saam. Musiek uit Die Kaplyn, Tree Aan, ou bekendes uit die Grensoorlogtyd. Die jaarlikse FAK prys vir 'n lewensbydrae tot ons musiekskat gaan aan die Grensoorlog manne en vroue vir die musiekskat wat uit die tyd gebore is.

**Na pouse program:**

Duetmusiek uit The Sound of Music, Gé Sing, musiekblyspele, vele meer, afgesluit deur 'n program van gewyde musiek.

**Bespreek jou plek deur 'n WhatsApp of oproep aan Cassie by 082 377 1112 of 'n e-pos aan duetfees@gmail.com**. Die 1 700 sitplekke is reeds 80 uitverkoop.

Indien uit 'n gemeente tien of meer kaartjies bespreek word, kry die gemeente 40% van die verkoopprys om aan te wend vir spesifieke projekte, verkieslik vir ons jeug of ons bejaardes.

Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms: